**Donderdag 1 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 4:1-8 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 4:6-7**

**Hoe jy met jou huismense omgaan, het ’n effek op hoe ons met ander mense in die wêreld omgaan**

Die manier waarop ons met ons huismense omgaan, het ’n effek op hoe ons met ander mense omgaan. Hierdie waarheid het Kain ongelukkig nie in Genesis 4 gesnap nie, en dit sou al sy verhoudings verder in sy lewe vertroebel. Dit sou ook sy nageslag beïnvloed.

Omdat die Here sy offer verwerp, maar sy broer Abel se offer aangeneem het, was Kain só ontsteld dat dit selfs uit sy liggaamshouding geblyk het. In vers 6 vra die Here vir Kain: “Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk?” Letterlik staan daar in die oorspronklike taal: “Waarom laat jy jou kop hang?”

Het Kain rede gehad om kwaad te wees en sy kop te laat hang? Al verwerp die Here sy offer, soek Hy hom steeds op en maak bemoeienis met hom. Dit is mos rede tot vreugde! In vers 7 sê die Here vir hom: “Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie?” Letterlik staan daar: “Word jy nie opgelig as jy goed doen nie?”

Ja, as Kain sou reageer op God se bemoeienis en goed doen, sou hy nie meer koponderstebo loop nie, maar sy kop in vreugde lig. Ongelukkig ignoreer hy die Here. Daarom vermoor hy sy broer en besmet selfs sy nageslag deur sy gesindheid (vgl. Gen. 4:23-24).

In Jesus het die Here ons kom opsoek. Hy maak ons nuut. Ons hoef nie meer in ons sonde koponderstebo te loop en kwade gevoelens teen mekaar te koester nie. Ons kan in die Here nuut met mekaar lewe. Laat ons in ons huisgesinne begin om goed aan mekaar te doen en dit sal in al ons verhoudings oorspoel. Ons sal lewens kan leef waar ons met koppe oplig in vreugde kan leef, en so die hoop van die Here in die wêreld uitdra.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*